

FACULTY OF MEDICINE AND HEALTH SCIENCES

STUDENT EMERGENCIES



SAFETY

Tygerberg Campus security: 021 938 9507



VEHICLE INCIDENT

Tygerberg Campus Security: 021 938 9507



MEDICAL, SURGICAL, PSYCHOLOGICAL EMERGENCY

Maties ER24: 010 205 3032



SEXUAL ASSAULT CARE

Maties ER24: 010 205 3032









OCCUPATIONAL HIV EXPOSURE

Infectious body fluid exposure: Needle prick/
HIV exposure event:

**Tygerberg Hospital Division for Infectious
Diseases: 021 938 4487** (bleeper section,
Tygerberg Hospital) and ask for the Infectious
Diseases doctor on call.

INHOUDSOPGAWE

1.		VEILIGHEID.....	3
2.		VOERTUIGVOORVAL.....	3
3.		MEDIESE, CHIRURGIESE, SIELKUNDIGE NOODGEVAL	5
4.		AANMELDING VAN 'N VOORVAL	5
5.		VERSORGING NA SEKSUELE AANRANDING.....	6
6.		BEROEPSBLOOTSTELLING AAN MIV	6

NOODVEILIGHEIDSRIGLYNE

Noodnommers word hieronder voorsien. Dit is studente se verantwoordelikheid om die toepaslike nommers op hulle selfone te stoor.



1. VEILIGHEID

Kampussekuriteit: 021 938 9507

- Worcesterkampussekuriteit: 023 346 7820
- Dit is belangrik dat studente na hulleself kyk en so ver moontlik hulle eie veiligheid verseker. Studente het nogtans die reg om in enige stadium kwessies te opper met betrekking tot redelike veiligheid- en voorkomingsmaatreëls by die plek waar hulle geplaas word.
- Ingeval studente se veiligheid in gedrang is, moet hulle die betrokke gebied so gou moontlik via die veiligste beskikbare roete verlaat en die tersaaklike dosent of personeellid dadelik in kennis stel.
- Indien studente bewus word van tydelike gevaar vir persone of eiendom in 'n kliniese opleidingsgebied (byvoorbeeld weens optogte, bendegeweld, ensovoorts), is dit hulle verantwoordelikheid om die betrokke personeellede/dosente/modulekoördineerders van die US te raadpleeg om alternatiewe reëlins vir die voltooiing van die tersaaklike kliniese opleiding te tref.



2. VOORVAL MET VLOOTVOERTUIG

Kampussekuriteit: 021 938 9507

- In geval van diefstal of 'n ongeluk, bel Kampussekuriteit dadelik by 021 938 9507. Jy kan ook die Voertuigvloot bel by 021 938 9349/50/51 (08:00 – 16:30).
- US-vlootvoertuie word vir amptelike gebruik, d.w.s. kliniese rotasies, akademiese aktiwiteite, navorsing, sportaktiwiteite en kulturgeleenthede, aan personeellede en studente beskikbaar gestel. Dit behoort nie vir privaat ritte gebruik te word nie.
- Voertuigbestuurders moet oor 'n geldige rybewys beskik (wat ten minste 'n jaar vantevore bekom is). Bestuurders moet hulle rybewys toon wanneer hulle die voertuigsleutels afhaal. Diegene wat hulle rybewys minder as 'n jaar vantevore bekom het, sal onderworpe wees aan 'n vaardigheidstoets.

- Bestuurders ontvang 'n ritkaart wat volledig ingevul moet word elke keer as hulle 'n vlootvoertuig gebruik. Saam met die kaart ontvang bestuurders ook 'n sleutel wat hulle by die besprekingskantoor moet indien wanneer hulle die voertuig terugbesorg. Indien dit na-uurs geskied, moet die sleutel deur die muurgleuf links buite die uitgangshek geplaas word.
- Enige skade aan 'n voertuig moet voor die bestuurder se vertrek by die besprekingskantoor aangemeld word en onder "Klagtes/foute" op die ritkaart aangeteken word. Indien die voertuig nauurs afgehaal word, word skade op die ritkaart aangeteken en dan by die besprekingskantoor aangemeld wanneer die bestuurder die voertuig terugbesorg. Sowel die voertuig as die ratslot, waar een geïnstalleer is, moet gesluit word.
- **Indien studente met 'n US-voertuig in 'n ongeluk betrokke is en die skuldige party blyk te wees, sal die student vir die versekeringsbybetaling van R3 000 aanspreeklik gehou word.**
- Lees asseblief alle US-voertuigbeleide in die paneelkassie voor die passasiersitplek. Voltooi die logboek en gaan die voertuig na voordat die rit begin. Die student sal ook aanspreeklik wees vir enige skade aan die voertuig of eiendom weens nalatigheid.
- Voertuigdeure moet altyd gesluit wees en waardevolle items soos handsakke, skootrekenaars, beursies, selfone en selfs studiemateriaal moet buite sig gebêre word. Waar dit ook al moontlik is, moet die kliniek of ander instelling wegsluitgeriewe voorsien. Indien nie, sorg dat alle waardevolle/belangrike items buite sig is en verkieslik in die bagasiebak toegesluit word. **Studente moet waaksaam wees vir die gevaar van gryproof deur voertuigvensters, sowel as voertuigkaping.**
- **Voertuie moet op die terrein van die kliniek of ander instelling geparkeer word**, of so na as moontlik aan die betrokke werkplek of bestemming, en in goed verligte areas in geval van nauurse werk.
- **Studente mag onder geen omstandighede pasiënte in privaat of amptelike voertuie vervoer nie.**



3. **MEDIESE, CHIRURGIESE, SELKUNDIGE NOODGEVAL**

MATIES ER24: 010 205 3032



- Die ER24-diens sluit 'n mediese assessering vir mediese noodgevallen sowel as die dienste van 'n traumaberader in – alles gratis.
- Berading kan persoonlik of telefonies voorsien word, na gelang van wat die student wil hê. Die mediese assessering van 'n student op die toneel is gratis.
- Indien 'n ambulans die student hospitaal toe moet vervoer, sal 'n fooi gehef word. Indien die student nie vir daardie diens kan betaal nie, kan die direkteur van die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) vir moontlike finansiële bystand deur die Universiteit genader word.



4. **AANMELDING VAN 'N VOORVAL**

Strafregtelike oortredings moet dadelik by die plaaslike polisiekantoor ook aangemeld word (**SAPD: 10111**).

Meld asseblief enige voorval aan wat gedurende jou opleiding plaasvind sodat die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) die veiligheid van studenteplasings op satellietopleidingsplatforms kan monitor. Voltooi die vorm hieronder binne 24 tot 72 uur na 'n voorval.

Die vorm vir die aanmelding van voorvalle is beskikbaar op die FGGW-webtuiste onder "SUNLOC". Klik op "Safety", dan "Safety Guidelines", gevolg deur "Reporting of an incident".

[Klik hier vir die voorvalaanmeldingsvorm](#)

'n Voorval is enige gebeurtenis wat volgens 'n student/personeellid sy of haar veiligheid in gevaar stel, soos:

- persoonlike besering/skade;
- 'n poging tot besering/skade;
- diefstal van, skade aan of 'n gepeuter met besittings; of
- 'n poging om besittings te steel, te beskadig of daarmee te peuter.



5. **VERSORGING NA SEKSUELE AANRANDING**

MATIES ER24: 010 205 3032

Die volgende kontaknommer kan ook gebruik word:

**Thuthuzela-sorgsentrum (in geval van seksuele aanranding) by Karl Bremer-hospitaal:
021 948 0861**

6. **HIV BEROEPSBLOOTSTELLING AAN MIV**

Afdeling Infeksiesiektes, Tygerberghospitaal: Skakel 021 938 4487 (nommer vir roepradiokantoor, Tygerberghospitaal) en vra vir die Infeksiesiekte-dokter aan diens.

Universele voorsorgmaatreëls moet te alle tye getref word. In geval van blootstelling aan liggaamsvloeistowwe, soos 'n naaldprik- of ander MIV-blootstellingsvoorval, raadpleeg asseblief die FGGW se noodsteunopsies wat spesifiek vir alle FGGW-studente beskikbaar is.

Ingeval student aan MIV blootgestel word

